Eerste Gelui

19 Maart 2023

Nuus oor die komende week, **NG Kerk Kleinmond**
Arabella, Bettysbaai, Kleinmond, Pringlebaai, Rooiels



Gemeente-sentrum: 09:00
Ds. Leopold van Huyssteen

Kerksaal: Gesamentlike diens in kerkgebou



Kerkgebou: 09:30
Ds. Louis Fourie
Skriflesing:
Tema: Jesus Christus of Jesus Barabbas?
Die keuse is ioune!

<u>Die diens in die kerkgebou</u>
<u>word op Kieskerk geplaas.</u>

Die skakel na Kieskerk:
https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/
https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/

Program vir die week

Wyksbyeenkomste gedurende die week

Maandag 20 Maart
Skoolvakansiedag
Dinsdag 21 Maart
Openbare Vakansiedag – die kerkkantoor is gesluit
16:30 Gebedsgroep
Donderdag 23 Maart
Geen kooroefening nie.
Saterdag 25 Maart
20:30 tot 21:30 Aarde-uur: Vir hierdie uur skakel mense wêreldwyd (en nie Eskom nie) die ligte af.

Deuroffers

Die deuroffer is vir die sinodale fonds vir Gemeente-ondersteuning.
Volgende Sondag is dit vir die Steungroep vir Seniors.

Agapé-groep

Die Agape-groep (dames van die NG Kerk en die VG Kerk) vergader weer Saterdag 18 Maart om 15:00 by die VG Kerk. Ons gaan, behalwe lekker saam die Here loof met sang, ook klippe verf met die tema van Goeie Vrydag, om dit dan langs die pad in die die dorp te plaas wanneer ons op Goeie Vrydag saam met ander medegelowiges die lydingsweg van Jesus Christus herdenk.

Almal is welkom, daar sal klippe en verf wees vir almal. As jy mer inligting verlang, bel Annetjie Strever (082 212 3146)

Ds. Heinrich en sy trek is (tydelik) hier

Wyksbyeenkomste

Dinsdag 21 Maart
KP 10:00 Biblioteeksaal

Woensdag 22 Maart
Ba1-3 10:00 Koos en Marianne de Wet, Twaalfdelaan 7
BB1+2 17:00 Kuierruimte by sentrum

Donderdag 23 Maart
Bb1-4 10:00 Kuierruimte
Alle lidmate van Bb1-4 is baie welkom, laat weet net asb as jy/julle kan kom (WApp of bel Jan Momsen by 082 414 4254). Ons gaan ’n kort ken-mekaar hou en dan ons onderwerp behandel: ***Die woord wat God die beste beskryf.*** Hoop om soveel as moontlik van julle te sien.

Sa1-2 15:00 Dudley en Marieta Barry, Vyfdelaan 171

Hangklip streek verwelkom nuwe konsultant dominee en sy vrou

Daar is weer rede tot groot blydskap in die Hangklip streek (Rooiels, Pringlebaai & Bettysbaai) van NG gemeente Kleinmond met die aanstelling van ’n toegewyde konsultant leraarspaar om die streek te bedien.

Ds. Leopold & Riana van Huysteen het op 1 Februarie diens aanvaar en vul die leemte wat gelaat is deur die vertrek van die vorige permante leraar, ds. Steven Sass en sy gesin, na Skotland in 2019.

Die Van Huysteens het vanuit die staanspoor moue opgerol en woeker en woel reeds laat dit klap onder die gemeentelede asook in die wyer gemeenskap.

Om hulle van nader te leer ken en sommer terselfdertyd bekend te stel aan die groter gemeente en gemeenskap, het ek aan hulle die volgende vrae gestel:

Wanneer het julle afgetree?
Ek en Riana het na agt en dertig jaar in die NGK afgetree. Ons laaste gemeente was Lourensrivier Strand.

Hoe lank in totaal was julle in die bediening en op watter plekke was julle oral?

Ons het 1982 in Citrusdal as proponent paar begin en daar vir ses maande saam met ds. Tienie en tannie Anet Mynhardt gewerk. Hulle het hier in Bettysbaai 'n strandhuis gehad en hier afgetree. As gevolg van hulle kon ons ons huis hier bou. Na Citrusdal was ons in Prieska vir ongeveer vier jaar en daarna in Monte Vista vir so vyf jaar.

Hoe lank was julle by Lourensrivier Gemeente?
Ons was nege en twintig jaar in Lourensrivier Strand se NG Kerk.

Wat was van jul grootste hoogtepunte/mylpale by Lourensrivier?
Ons het groot deel van ons werk met kinders, families, omgeegroepe en sake mannegroepe spandeer. Ons het vir ongeveer twintig jaar vier uur per week aan Veritas Bybelskool en drie of meer uur per week aan gebedsbediening bestee. Mentorskap en geloofsbegeleiding deur EE111, en Timoteus-programme was vir ons baie belangrik. So ook huweliksverryking.
Ons het baie in groepe met kinders, jongmense en families gekamp en staproetes gedoen. Ons het 'n aktiewe motorfietsgroep (CMA) gehad en ook 'n 4x4 groep.

Ons is gereeld op sendinguitreike en werkerskampe na Mosambiek en Transkei.

Hoe het jul verbintenis met Bettysbaai ontstaan en hoe ver terug strek dit?
In 1982 terwyl ons in Citrusdal vir ds. Tienie Mynhardt gehelp het, het hy en tannie Anet ons hul huis vir 'n naweek gegee. Ons het net daar ons harte op Bettysbaai verloor. 'n Jaar later kon ons die motorhuis en die fondasie bou.

Wanneer het julle toe hier kom aftree?
Ons het in 2019 hier afgetree.

Wy kortliks uit oor hoe julle jul bediening hier in die Hangklip sien en wat julle graag sou wou doen en bereik.

Ons wil net hier langs die gemeentelede kom stap vir solank die Vader dit toelaat. Ons sal ons ervaring en ons liefde vir die Here deel met enigiemand wat daaraan 'n behoefte het.

Hoe lank ken jy en Riana al mekaar, waar het julle onderskeidelik groot geword, hoe het julle ontmoet en hoe lank is julle al getroud?
Ek het op Piketberg in die Swartland en Riana op Stellenbosch groot geword. Ons het mekaar tydens 'n Desembervakansie op Stellenbosch ontmoet. Sy was met Dalrymple-atletiekbyeenkoms besig en ek het vir sakgeld by Du Preez en Seun gewerk.

Ons is in 1980 getroud en na 43 jaar en drie kinders en drie kleinkinders net-net nog getroud.

Wat is julle stokperdjies?
Stap, draf, tuinmaak, houtwerk, olywe inlê, toer en sommer nog baie ander lekker dinge.

Noem vir ons die drie kinders en hul gade/s se name en die drie kleinkinders se name & ouderdomme.
Elani en Christoff van Wyk, kleinkinders (Cecil 8, Katryn 7 en Hendrik 4). Salomon en sy vrou Greta en Leopoldus van Huyssteen ons jongste seun.

Sedrick Taljaard

Hangklip kry ‘n pragtige kruis vir Lydenstyd. Baie dankie aan Rudi Perold en die Naudés (op die foto).

Kosters

‘n Vriendelike versoek: reël asseblief minstens die dag voor die tyd as jy die koster benodig. Hulle is nie 24 uur per dag beskikbaar nie. Michiel (die koster in Hangklip) se nommer verskyn op die kerkalmanak. Danie, die nuwe koster in Kleinmond, se nommer is 083 670 4290)

Lidmate wat voorbidding baie nodig het

Alet Mostert van Ba2, Alta Hougaard van Sa3,
Dawie Kruger van Bb2, Johan van Zyl van KB5
en Christa Fick van PM3.
Bid ook vir Johan Burger van BB1, Joepie Engelbrecht van Sa4,
Piet le Roux van KB4 en Dirk Burger van Sa1.

Die nuwe struktuur se kerkrade

Die volgende persone voel geroep om deel te vorm van die Wykskerkrade. Ons moet vra: As iemand beswaar het teen die verkiesing van enige van die volgende persone, moet dit skriftelik by die kerkkantoor gedoen word voor 22 Maart.

Kleinmond Wykskerkraad

Ba1+3	Jacobus Johannes (Koos) de Wet
Ba2	Johanna Maria (Hannah) Louw
Bb2	Hartmut Spingies
Bb3	Stella Elizabeth (Stella) Botha
Bb4	Johan (Johan) Nel
HK1	Stephen Henri (Stephen) Myburgh
HK3	Magrietha Jacoba (Magriet) Gresse
KB1	Jasper Nicolaas Johannes (Japie) Truter
KB2	Christoffel Johannes (Chris) van der Westhuizen
KB5	Pieter Mathys (Pieter) Coetzee
KB6	Maria Elizabeth (Maryna) Britz
PM2	Pieter Johannes (Pieter) J van Rensburg
PM4	Hekena Naomie (Naomie) van Coller
Sa1	Roelof Jacobus (Roelf) Beukes
Sa2	Dudley John (Dudley) Barry
Sa3	Valerian Von Litkie (Valerian) Strydom
Sa4	Hendrik Andries (Fifty) Carstens
Sb1	Anna Aletta (Etta) Eksteen
Sb2	Petrus Josua (Pierre) Groenewald
Sb3	Susan (Susan) Winterbach
Sb4	Susanne Maria (Susan) Grobler
Sc1	Hester Magdalena (Hettie) Visser
Sc3	Jacomina Gysbertha (Comine) Conradie
Sc4	Hendrik Albertus (Hennie) van Wyk

Die volgende wyke is vakant. As jy kans sien om die Here op hierdie manier te dien en in een van hierdie wyke woon, kom stel jouself asseblief by die kerkkantoor beskikbaar. Of kom hoor net wat die werk presies behels.

Bb1,	HK2	PM1,
PM3,	PM5	KB3
Sc2,	KB4	

Hangklip Wykskerkraad

Die volgende persone voel geroep om deel te vorm van die Wykskerkrade. Ons moet vra: As iemand beswaar het teen die verkiesing van enige van die volgende persone, moet dit skriftelik by die kerkkantoor gedoen word voor 22 Maart.

PB1	Dirk Cornelis (Dirk) Taljaard
PB2	Magiel Josias Human (Giel) Maree
PB3	Gert Andries (Gert) Pretorius
BB1a	Ella Sophia (Ella) Labuscgne
BB1b	Johannes Christiaan (JC) Hanekom
BB3	Heinrich August Wilhelm (Heini) Foot
BB4	Johannes Christiaan (Hannes) Botha
BB5	Willem Rudolf Basson (Rudi) Perold
BB6	Stephanus Du Toit (Fanie) Krige
Diens van Barmhartigheid	Maria (Marietjie) Reitzema

Wyk BB2 is vakant. As jy kans sien om die Here op hierdie manier te dien en in BB2 woon, kom stel jouself asseblief na ‘n erediens beskikbaar. Of kom hoor net wat die werk presies behels.

Kontemporêre Bediening se Wykskerkraad

Die volgende persone voel geroep om deel te vorm van die Wykskerkrade. Ons moet vra: As iemand beswaar het teen die verkiesing van enige van die volgende persone, moet dit skriftelik by die kerkkantoor gedoen word voor 22 Maart.

Nanine Behrens
Trix Buckle
Louis Fourie
Strauss Odendaal
Suritha Roux
Laetitia Singleton

Basil Smit
Laurette Smit
Shari Stander
Annatjie Stander
Sally van Heerden
Pierre van Heerden
Alice van Rooyen
Neil Viljoen

Kernkerkraad

Die volgende persone voel geroep om deel te vorm van die Kermkerkraad. Ons moet vra: As iemand beswaar het teen die verkiesing van enige van die volgende persone, moet dit skriftelik by die kerkkantoor gedoen word voor 22 Maart.

Predikant	
Voorsitter	Jan Hendrik (Jannie) Hougaard
Diensverhoudinge	Hermanus Stephanus (Hermie) van der Merwe
Eiendomme	Willem Rudolf Basson (Rudi) Perold
Finansies	Le Roux Le Roux) Burrows
Kerkkantoorsake + Kommunikasie	Willem (Willem) van der Merwe
Visiekommissie	Marias Elizabeth (Marita) Grobler
Getuienis	Gert Andries (Gert) Pretorius
Barmhartigheid	Vakant
Verteenwoordiger van Hangklip Wykskerkraad	Dirk (Dirk) Reritzema
Verteenwoordiger Kleinmond Wykskerkraad	Sal aangewys word
Verteenwoordiger van Kontemporêre Wykskerkraad	Sal aangewys word

Welkom!

Bewys van lidmaatskap is van die volgende lidmate ontvang. Ons hoop hulle is reeds tuis en ingeskakel.

Casper en Belinda Strydom van Constantiakruin (Sa4)
Amund Paul en Maria Louisa Beneke en hul dogter Néno Amurié van Hartbeespoort (BB6)
Neil Viljoen van Mosselbaai (Sb1)
Daniël Pieter en Adriana Johanna de Vaal van Vredelust (KB4)

DIE BASAAR IS AMPER OP ONS

Ons eerste basaar van die jaar

1 April 2023 om 09:30

Kerksaal in Eerstelaan

Kom vroeg voor die tafels leeg is

Sameroepers en kontaknommers

Grootkoeke	Hendrina Kotzé	+27719322659
Brood en beskuit	Magriet Gresse	084 523 1035
Teetuin	Marieta Barry	084 208 4168
Kerrie en rys	Constantia Cilliers	082 825 9115
Boereworsrolle	Annatjie Stander	082 873 2283
Hamburgers	Soekie Goosen	082 464 0020
Kindertafel	Lida Louw	082 327 7146
Manstafel	Koos de Wet	072 148 0823
Boektafel	Gerhard Booysen	082 461 0250
Pannekoek	Susanne Engelbrecht	0721334855
Poedings		

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat sedert die vorige Eerste Gelui en in die komende week verjaar. Mag die Here se teenwoordigheid jou versterk in die nuwe lewensjaar.

18 Maart

Daleen Landman (0823191010) van Sb2
DJ Niemand van Sb1

19 Maart

Marika Blignaut 0761098977 van Sb1
Christoff Duvenhage van Ba1
Chris Fick 0796116484 van PM3
Jurita Saayman 0828951983 van Sc1
Karin Steinbach 0824944981 van RE
Marinda Steyn 0829278385 van BB6
Jaretha Van Der Merwe 0832253230 van Ba1

20 Maart

Cobus Conradie van Sc2
Francois Cruywagen 0767791928 van KB1

21 Maart

Helgard Bezuidenhout 0724561349 van Sa2
Zimé Le Grange van Bb 1
Johan Van Zyl 0849512751 van PM2

22 Maart

Cecile Gildenhuys 0741117101 van Ba3
Riana Steyn 0827855531 van Sa4

23 Maart

Nico Austin van BB1B
Elsabé Smit 0836079935 van HK3

24 Maart

Retha Geldenhuys 0829008299 van PB2b
Susan Human 0796908346 van Sb1
Anke Roux van Ba2
Elsa Swart van Sc3
Pieter Van Rooyen van KB5
Beau Visser 0762782796 van Ba1
Lee Voges0828868120 van KB6

ARBEIDSBEDIENING – lets om oor na te dink...

Werksplekbediening is ‘n bediening ***om spesiaal te fokus op die werker se verhouding met God.*** Deur ‘n spesiale besoek, gebed of ‘n bemoedigende kort oordenking word werkers bewus gemaak dat hy/sy **spesiaal vir God i**s. Deur **my** dagtaak *versorg God Sy skepsels.* Deur my besondere kennis en vermoëns is ek God se praktiese hande wat voorsien in wat ook al nodig is. Dus is dit ‘n heilige roeping van die Here. Om my dagtaak tot Sy eer uit te voer, behoort ek in afhanklikheid van Hom toe te laat dat Hy my denke van binne af sal beheer.

13 Besighede kan tans in Kleinmond bedien word.

Omdat vrywilliges nie na vore kom nie, bly die bediening ingeperk. - *koördineerder: Andries Truter 078 10 20 662*

Hou Kleinmond mooi:
skoonmaakdag te Palmiet, ons probeer weer.

Ongelukkig moes die afgelope Saterdag se Skoonmaak gekanselleer word as gevolg van dreigende reën. Die Eko-bediening het egter besluit om dit nou eerskomende ***Saterdag, 18 Maart om 08:30*** by die ingang van die ***Palmiet Woonwapark*** te hou. Ons wil graag die hele area dek van die Palmiet Dagkamp tot by die parkeerterein van die Palmiet-strand. Sakke, handskoene en steekpenne word verskaf. Kom ons hou hierdie pragtige area so mooi soos dit is! Vir navrae kontak Jan Momsen by janmomsen@gmail.com



Ons gemeente vereenselwig ons met die volgende:

Draers van Sy Lig
Verskilmakers met Deernis
Ambassadeurs van Hoop

FOKUS 2023

"GOD HET ONS GEMAAK WAT ONS NOU IS;

IN CHRISTUS JESUS HET HY ONS GESKEP

OM ONS LEWE TE WY AAN DIE GOEIE DADE WAARVOOR HY ONS BESTEM HET."

EFESIËRS 2:10